DEEL 113 | WEEK 49 | 10 DESEMBER 2021 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# HOE GROOT IS ONS GOD

"Dit voel of jou liggaam skoongewas is na die lieflike reën die afgelope week" was 'n omie se opmerking by die Koöperasie. Op Heilbron dorp is 133mm reën gemeet vanaf 1 Desember. Die huidige La Nina-gebeurtenis is op hierdie stadium nog geklassifiseer as 'n swak La Nina met al die Nino-gebiede tussen 0.5°C en 1.0°C koeler as normaal. Dit word egter verwag dat temperature verder gaan daal tot ongeveer 1.3°C koeler as normaal teen die einde van Desember wat dan as 'n matige La Nina geklassifiseer kan word met omtrent dieselfde intensiteit as in 2020/21.

Die vooruitsigte vir die langer termyn is baie positief vir die tweede deel van die seisoen oor die sentrale tot Westelike dele, maar droër toestande is moontlik rondom Februarie oor die Oostelike dele volgens Johan van den Berg, onafhanklike Landbouweerkundige. Heilbron se hoogste reënval vir Desember was in 1990 toe daar 263.4mm gemeet is. Die foto is Dinsdag op Heilbron se gholfbaan geneem deur JD Claasen.

BAR STAFF WANTED


BETWEEN THE AGES OF 18 - 28
BAR EXPERIENCE PREFERRED

JOB APPLICATIONS CAN BE HANDED IN AT BUFFALO VALLEY SPUR OR E-MAILED TO
ednaodendaal1z@gmail.com

084 215 2754

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

POSTNET 2 POSTNET
heilbron@postnet.co.za
064 966 8078 058 853 0006
OVER 408 STORES IN SA
0-5kg R99
POSTNET HEILBRON

# GELOFTEDAG 2021

GELOFTE

Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om `n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee,ons die dag en datum elke jaar as `n dankdag soos `n sabbat sal deurbring, en dat ons `n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee.

## SAAMBOU GELOFTEFEES

(TUSSEN DENEYSVILLE EN ORANJEVILLE)

DONDERDAG, 16 DESEMBER 2021
OM 09:00

DIENS EN REDE:
DS. WILLEM VAN SCHALKWYK
(AP KERK HEILBRON)

- VERVERSINGS NA AFLOOP VAN DIE GEBEURE -

NAVRAE: GERRIT DU PLOOY 082 944 9290

(GPS: S27°48.7', E27°54'49.4)

## KOM VIER SAAM GELOFTEFEES TE VEGKOP SLAGVELDTERREIN!

**Donderdag, 16 Desember 2021**

**PROGRAM**

**9:00 Verwelkoming & Openingseremonie** (Vlagparade Heilbron Voortrekkers)

**Voorlees van Gelofte** (Staande)

**Skrifoordenking:** Ds. Tommie van Vuuren
Gereformeerde Kerk Heilbron
Lees: Psalm 25
Tema: "Die voorreg om te lewe in die verbond met God, wat van Hom uitgaan."

**Kranslegging:** Willie Naudé

**Huldeblyk:** Quarta Pretorius

**Sang:** Lied van Jong Suid-Afrika

**Teepouse:** (± 20min) Koffie/Tee gratis – Feeskomitee
Koeldranke te koop – Voortrekkers

**Feesrede:** Dr. Dirk Hermann
Uitvoerende Hoof Solidariteit

**Verkiesing:** Nuwe Feeskomiteelede

**Bedankings**

**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

KOUE ETES BESKIKBAAR @ R90 PER BORD
Bestel by Elzet Bergh Sel: 083 608 8721. Bestellings sluit 9 Desember 2021.
***NB. Covid reëls en regulasies is steeds van toepassing.***

**GELOFTEFEES NAVRAE**
Jasper van der Bijl
Sel. 082 453 7357

**KAMPERING**
Bespreek by Corné van der Merwe
Sel. 083 306 0357

## Kom geniet die dag saam met ons!

Hope pret vir die hele gesin






## Doornkloof Geloftefees

**16 Desember 2021**

Doornkloof Voortrekkerplaas
Lindley omgewing



### Program

**15 Desember 2021**
17:00 - Kom geniet die wild spitbraai en dans
Vure word voorsien indien jy jou eie vleis wil bring en braai
Bring eie eetgerei, drinkgoed

### Geloftedag

**16 Desember 2021**
**9:30 - Geloftediens**
Ds Pieter-Mohr van Niekerk - Kroonstad
Kollekte word opgeneem
**10:15 - Spreker en Feesrede**
Mnr Pieter van der Merwe - Welkom
**11:00 - Optog en kranslegging**
Vrystaat Voortrekkers
**11:30 - Tee en verversings**
Gratis
**12:00 - Skaapbraai en bykosse**
Gratis
Bring eie drinkgoed, eetgerei en stoel
**Kindervermaak**
Gratis
Springkasteel en Slip & Slide

### Ander reëlings

**Oornag geriewe beskikbaar teen R120p/p**
Ingesluit is spitbraai, bykos en oornag vir 15 Des

**Vroegoggend 16 Desember**
Koffie, beskuit en muffins

**Onthou dinge**
Bespreek vroegtydig!!
Kinders onder 3 gratis
Bring eie beddegoed sou jy oornag
Bring eie eetgerei
Krag en warm water beskikbaar

**Kontak**
Helga Wessels - 083 388 0289
Mindus Crous - 082 314 3819

**BEROEP**

**FEESKOMMISSIE**


Eerste Jaar: Deon van der Watt, Sarel Hester, Sarel Breken, Tai van der Watt
Tweede Jaar: Jan Joubert, Gerhard Grouws, JJ Doman




*Die Gelofte*

**HOOGGELEGEN**
**GELOFTEFEES PROGRAM**
**15, 16, 17, 18 DESEMBER 2021**

Geleë tussen Petrus Steyn, Frankfort en Tweeling



Sprekers:
Ds. Ryno van As | Petrus Steyn
Ds. Jan Louw | Reitz
Mnr. Jaco Diedericks | Krugersdorp

**WOENSDAG 15 DESEMBER**

Opening van fees — Ds. Ryno van As
Verwelkoming — Deon van der Watt
Finansiële verslag
Verkiesing van Feeskommissie 2022

Optog na monumente

Vlaghysing
Landsvlag — Jan & Hennetjie Joubert
Transvaal-vlag — Piet en Nellie de Clerq

Samesang: Die Stem

**DONDERDAG 16 DESEMBER**

Vroeë bidner — Heinrich Jacobs

Lees van Gelofte
Geloftediens — Ds. Jan Louw
Opneem van kollekte

Mnr. Jaco Diedericks

**VRYDAG 17 DESEMBER**

**SATERDAG 18 DESEMBER**

**BELANGRIKE TEL NRS**

# GRONDWET BLY ONVERANDERD




Grootskaalse druk uit die gemeenskap en burgerregte-organisasies, saam met die VF Plus se standvastige houding en harde werk teen pogings van die ANC en die EFF om Artikel 25 van die Grondwet te verander, het bygedra tot die sterk stem van Suid-Afrikaners sodat onteiening sonder vergoeding verwerp is.

Daar is 145 van die parlementslede wat teen die wysiging gestem het en 204 was ten gunste. Dit sluit aan by die plaaslike regeringsverkiesing op 1 November dat die regerende party nie meer namens die meerderheid Suid-Afrikaners praat nie. In hierdie poging om die Handves van Regte in die Grondwet te wysig, was 'n tweederde (2/3) meerderheid of 267 stemme benodig.

Die proses is sedert 2018 onnodig uitgerek en het dit groot onsekerheid onder Suid-Afrikaners en potensiële beleggers tot gevolg gehad. In dié tyd het sowat 75% van alle Suid-Afrikaners in openbare deelname-prosesse, deur voorleggings en in die parlement, hulle teen die verandering aan Artikel 25 en onteiening sonder vergoeding uitgespreek. Die rede vir die weerstand teen die proses is eenvoudig. Eiendomsreg is 'n internasionaal-erkende, basiese mensereg. Om dit weg te neem sal lei tot 'n ekonomiese ineenstorting en die land vernietig.

Onteiening sonder vergoeding sou Suid-Afrika sonder enige twyfel op 'n snelweg van vernietiging plaas soos wat met Zimbabwe gebeur het. Volgens Vrystaat Landbou duur die geveg vir die behoud en uitbreiding van individuele eiendomsreg egter voort. Die volgende uitdaging is om die onteiening-wetsontwerp in sy huidige vorm ook te stop. As die wetsontwerp vroeg volgende jaar voor parlement dien word net 'n 50% meerderheid benodig.



# COVID MET MAG EN MENING TERUG

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi distrik gesondheidsdienste dateer tot op 9 Desember 2021 en dui aan Ngwathe het 5593 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1347 staan en is daar 7 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 2 Desember 2021. In 'n week se tyd het omliggende gebiede aansienlik meer positiewe gevalle aangekondig: Sasolburg – 261, Parys – 48 en Kroonstad – 42.

Terwyl die doelwit vir inenting 70% van die populasie is, is daar reeds meer as 40% van Heilbronners ingeënt teen 5 Desember. Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inenting-sertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

## Holiday Word Search Challenge

**Solve each clue to reveal the holiday-related words to find in the puzzle going across, down, and diagonal.**

1. December 25th holiday: _________
2. Jolly man in red suit: _____ _____
3. Hung by the chimney: ________
4. December holiday celebrating African-American heritage: _______
5. Family customs passed down to next generation: __________
6. Kwanzaa candle holder: ______
7. Hung on a door at Christmas: ______
8. Jewish Festival of Lights: ________
9. Special Jewish candelabra: _______
10. Red and white striped Christmas sweet: _____ ____
11. A wax light that is used as a ceremonial symbol of many holidays: ______
12. Number of days of Hanukkah: _____
13. Santa's vehicle: ______
14. Kwanzaa feast: ______
15. Gifts given on the last day of Kwanzaa: ______
16. Christmas songs: ______
17. Potato pancakes: ______
18. They pull Santa's sleigh: ________

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N | Z | R | D | C | C | J | Y | H | C | H | R | I | S | T | M | A | S |
| T | L | C | X | U | C | A | N | D | L | E | L | L | S | T | I | J |
| H | F | D | Z | N | N | O | Z | H | R | J | E | C | E | Q | R | G | R |
| V | O | G | R | C | L | U | A | C | E | W | M | N | R | J | A | Q | R |
| G | M | O | B | N | O | K | W | H | K | V | A | E | P | O | D | J | K |
| G | C | E | W | Q | K | O | A | N | R | C | E | W | X | K | I | I | A |
| S | A | F | N | U | C | G | D | E | Y | D | K | Q | S | V | T | L | R |
| B | T | S | N | O | O | Z | I | D | N | R | N | E | W | K | I | X | A |
| D | G | A | T | E | R | E | N | I | L | O | K | N | R | W | O | Q | M |
| O | H | N | R | O | K | A | E | F | S | T | T | T | E | A | N | L | U |
| N | G | T | R | H | C | R | H | L | A | K | N | H | A | N | S | F | W |
| W | Q | A | Q | Q | O | K | O | L | W | N | G | J | T | Z | G | G | G |
| S | R | C | B | X | I | R | I | H | K | I | C | F | H | A | W | I | P |
| R | M | L | W | A | A | F | F | N | E | I | W | Y | S | A | G | F | N |
| P | E | A | Y | C | T | X | P | L | G | I | N | X | T | R | X | T | F |
| O | Z | U | G | Q | G | U | S | O | D | S | G | A | C | R | D | S | U |
| S | G | S | V | Z | N | W | V | F | C | D | X | H | R | U | N | E | L |
| V | W | V | C | E | L | E | B | R | A | T | E | F | T | A | W | M | I |

**Bonus: Find 5 more holiday words hidden in the word search grid**

# THE CORRUPT WILL BE BROUGHT TO BOOK

We are working tirelessly to root out corruption and it's only a matter of time before the corrupt that steal from our people are brought to book.

These were the words of Free State Premier, Sisi Ntombela, who accompanied by Police Roads and Transport MEC, Kwekwe William Bulwane, on their service delivery monitoring visit programme and stakeholder dialogue in Mafahlaneng, Tweeling in Mafube Local Municipality.

The visit to Tweeling was informed by an urgent need to take our people into confidence on the current state of affairs pertaining ongoing R26 road construction project.

The dialogue comes after a plethora of concerns were raised with regard to the project, particularly by subcontractors in the long overdue completion.

The R26 road construction project was initiated for the sole benefit of our people with an understanding that, not only will it create employment for surrounding communities and all road users, but it will also go a long way to empower local contractors and attract economic activity.

The Premier expressed her gratitute for being afforded the opportunity to engage in what she said were extensive and fruitful dialogue with local contractors and the community.

All parties have committed to working together to build a prosperous Free State.








## UIT DIE PEN

# WEEK 49 VAN 2021

Ek weet nie hoe groot skole dit regkry nie, maar by ’n kleiner, en veral plattelandse skool, sukkel jy maar om kultuur enigsins lugtyd te gee. Gewoonlik word leerders koor toe gesekondeer wanneer hulle nie meer in die rugbyspan pas nie. Koor is mos net vir sissies. Ware Manne skeer in graad 9 en speel rugby. Dis dit.

Hulle klap mekaar agter die blad wanneer iemand ’n drie gedruk het en spring op mekaar se rue wanneer daar punte aangeteken is. Hulle het trofeemeisies en dra geborgde toksakke.

Die span afrigters staan in ’n groep om die rugbyveld en bespreek die tweedespan se spelpatroon. Hulle staan in die middel van die kringetjie met halftyd. Hulle fluitjies hang aan blou toutjies om hulle dikkerige nekke en vertel hoe goed Hanré Pollard aangelê het pale toe. Of hoe lekker Eben Etzebeth rank in ’n lynstaan.

En, o wee, hoekom gaan die wêreld so tekere oor Rassie se video? Weet hulle dan niks van rugby af nie?

Iedergeval. Ek het lank gelede besluit om nie meer daarteen te skop nie. Ek het een keer, as student, koshuisrugby gespeel en kon omtrent nie daarna loop nie. Ek hou ook nie van die feit dat die rugbytruie nie kan rek nie. Al die manne wat sweterig in ’n skrum sak, staan my nie aan nie.

Ek sou na die koor omsien.

Die koormeester was Jan. Hy was ’n begaafde trompetspeler en taalonderwyser. Hy kon stories vertel dat jou mond oophang. Wanneer hy regtig kwaad was vir ’n leerder, sou hy sê: “Ek wens ek kan daai kind teen die muur vryf totdat die sop aan die ander kant uitkom.” Dit was min of meer hoe kwaad hy geword het. Nie soos ek wat vloek en skel en sweet en rooi word nie. Hy wou iemand net teen die muur vryf.

Synde die skool in ’n klein dorpie geleë was, kon ons nie regtig na die buurskool toe oorry vir ’n kooroefening soos die rugbyspan nie. Wie wil in elk geval saam met ander mense sing? Wonder die rugbyafrigters. Buurskole oefen teen mekaar, maar net in rugby. Dis sommer nonsens om koor saam met ander kinders te oefen.

En dan het die rugbyafrigters die prerogatief gehad om enige tyd die enigste vier basse wat ek in die skool kon opspoor uit die koor kon haal sodat hulle eerder moet gaan rugby oefen. Ek het die volgende keer my stem gaan dik maak op die rugbyveld: die basse moet nou dadelik terugkom kooroefening toe.

“Juffrou, juffrou, dis nie nodig om kwaad te word nie. Oefen maar net sonder hulle.”

Komende van ’n man wie se seun gekies is vir die Drakensbergse Seunskoor ’n paar jaar vantevore.

So veg ons weekliks om die koor op standaard te kry.

Niemand sou ons wou borg soos wat hulle met die rugbyspanne doen nie.

Ons vra R10 van elke koorlid, ek en Jan las by en ons gaan koop ’n rol lap met luiperdmotiewe op. Iemand in die gemeenskap maak vir ons los jurke sodat die koorlede ten minste na iets lyk. Ons gaan neem deel aan ’n buurdorp se koorfees. Met ons nuwe jurke.

Ons wen nie die eerste prys nie, om bekende redes. Maar ons geniet dit.

Die volgende oggend in die personeelkamer ontgeld ek en Jan dit. Daar was geen “dankie” of “goed gedoen” of “julle maak ons trots” nie. Die Meneer wou weet hoekom ons soos &%$# speenkallers lyk en wanneer gaan ons iets doen aan al die vet meisies in die koor?

Ek en Jan kyk verslae na mekaar.

Wanneer die rugbyspan iewers gaan wedstryd speel en laat terugkom, word daar gereël dat hulle in die koshuis kon oornag. Maar nie die koor nie. Koorlede oornag nie, want om koor te sing is nie so spanningsvol nie.

Jan sou tot aan die einde van die koorfees bly om die sertifikaat te ontvang terwyl ek solank, diep in die nag, met die bus terugry. Ja, ek het die bus met al die koorlede terugbestuur tot in die dorp. Daar het ek die leerders by drie sentrale punte afgelaai. Diegene wat in die township gewoon het, is by hulle huise afgelaai. Gewoonlik was daar dan so 15 leerders wat in die volgende township gewoon het, ongeveer 30 kilometer vanaf ons dorp.

Ek het die groot bus soontoe bestuur, die enigste onderwyser, want koor is heel laaste op die lys. As ons wou sing, moes ons self sorg.

Voordat jy die tweede township bereik, was daar ’n oorbrug. Om een of ander rede het daar gewoonlik ’n polisiemotor op die brug gestaan. Wanneer ek afdraai, flikker die polisiemotor gewoonlik een keer sy ligte, wag dat ek verbykom met die bus, en ry agter ons totdat ek die laaste leerder voor sy huis se deur afgelaai het.

Durf jy die skoolbus met enige rommel in gaan bêre, was die gort ook gaar. Wanneer ek dus by die skoolbus se loods intrek, moes ek eers die hele bus skoonmaak. Teen hierdie tyd trek die horlosie al by vieruur in die oggend, ek is steeds alleen en dis steeds nagdonker buite.

Hoekom het ons dit gedoen? Dalk omdat daar daagliks vir jou gesê is dat jy nie genoeg doen nie. Of dalk omdat ons wou bewys dat koor ook ’n plek in die samelewing kon beklee. Of dalk omdat die leerders dit baie geniet het.

Daar was ’n speenkalf of twee wat na skool in die gemeenskap se koor gesing het. Ek het agterna nog kontak gehad met ’n paar seuns wie in die kerkkoor gesing het.

Dalk het ek ’n verskil gemaak, ek weet nie. Ek wonder net soms hoekom jy as onderwyser toegelaat het dat jy geboelie word? Of dat jy al die vuil werk moes doen?

En dan wonder ek of die Meneer soms terugdink en sleg voel omdat hy sommige onderwysers soos gemors behandel het?

Die hoofsaak is dat elke liewe personeellid wat geboelie is, later kon terugkyk en vir homself kon sê dat hy die beste gedoen het wat hy kon.

En basta met die res.

**Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV 17 Desember 2021 en ons eerste uitgawe vir 2022 is 14 Januarie 2022.**

Heilbron Herald
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

# FINANCIAL AND OTHER WOES OF NGWATHE MUNICIPALITY

The MEC for Finance
The MEC for Cogta
Provincial Legislature
Bloemfontein

Sir/Me

**FINANCIAL AND OTHER WOES OF NGWATHE MUNICIPALITY**

As you will gather from my letterhead, I am presently a councilor of Ngwathe Municipality. I have been such for the past ten years.

In 2016 the municipality, as you are aware, amended its mayor’s status to that of “Executive Mayor”, which further resulted in the conversion of the status of all committee chairs to “Full Time Councilors”, with huge financial implications for the municipality.

Regrettably, it seems that the change in status of the chairpersons did not bring any counter benefit to the municipality as there was no apparent change in the efficiency of the committees of council thereafter. In fact, over the past two years or more, few of the committees, except for the Finance Committee, presented any reports to council and agendas for council meetings were largely based on reports of the finance committee only.

The change in status regrettably also did not contribute to stopping or preventing the further deterioration of the municipality’s infrastructure to the extent where virtually all towns in Ngwathe are presently suffering from water shortages, electricity outages, sewerage in streets and impassable roads, to mention a few aspects.

I, and the Freedom Front Plus whom I represent, have taken notice of your intention and call for comments regarding the reversing of the mayor’s status in Ngwathe back to that of non-executive and consequently the committees to a collective executive system in which the chairpersons will not be full time councilors. I, and my Party, welcome your wisdom in this regard and this letter serves to inform you that we fully support your intended action.

You will be aware that the municipality, at a sitting on 31 August 2020, considered a report from the then Executive Mayor in which she pointed out in some detail the sorry state the municipality was in. She remarked as follows: “Taking everything into consideration, I have come to the conclusion that if we do not turn our situation around with urgency and speed, we may well be confronted with the regrettable spectre of intervention in terms of Section 139 of the Constitution”.

She then, with the sanction of the Council, informed both of you in your respective capacities of the municipality’s situation and sought your support in terms of Sections 154 of the Constitution and 137 of the Municipal Finance Management Act.

In view of the then Mayor’s said report, which to the best of my personal knowledge as member of the municipality’s finance committee, correctly and truly reflects the precarious position of the municipality I hereby pledge my Party’s unconditional support for your intended action to amend the municipality’s status from that of executive mayor and mayoral committee to that of mayor and collective executive committee.

For your convenience I attach hereto the minutes of the council meeting of 31 August 2020 and the Mayor’s speech as was presented to Council at the time. I trust that you will indeed proceed with the intended amendment of the municipality’s status – it will certainly contribute to improving the municipality’s financial position due to the considerable saving in councilors’ allowances that will result therefrom.

The intended step will, however, not in itself be sufficient to resolve the municipality’s financial crisis and whatever other assistance could be offered by Province will likewise be welcomed by me and my Party. I assume further engagement by yourselves with the municipality in this regard will follow in due course.

Yours faithfully
Clr P P van der Merwe

# Briewe van ons lesers

## Waar kry ons antwoorde?

*Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer van Heilbron, gerig aan die Redakteur.*

Wat 'n wonderlike verkiesing het ons nie gehad nie? Al die plakkate teen die pale met wonderlike beloftes. Weliswaar is nog net 'n maand verby en mens kan seker nie wonderwerke verwag m.b.t instandhouding nie, maar ten minste kan ons as inwoners seker verwag dat ons inligting sal kry rakende die probleme wat ervaar word, spesifiek ten opsigte van die water tekort die afgelope 2 weke, maar ons hoor niks. As daar wel inligting deurkom van die munisipaliteit af is dit leuenagtige verskonings, dán is dit 'n elektriese probleem, dán is dit lekkasies en dán is dit Randwater wat nie genoeg pomp nie of foutiewe kleppe wat te veel water deurlaat Kragbron toe. Legio leuens.

Dan 'n vraag: is dit dalk beurtwater wat toegepas word a.g.v van wanbetaling deur Ngwathe soos tans in Bloemfontein en vele ander munisipaliteite die geval is? Wanbetaling?? Heelwaarskynlik is dit die rede, want as ons wel water kry is dit teen baie lae druk.

Skakel jy die heer Kannemeyer se kantoor in Parys, is daar niemand wat antwoord nie. Die agbare burgemeester is ook nooit beskikbaar nie, stuur jy e-pos deur na die adres soos op Ngwathe se webwerf, lewer dit nie af nie, so waar kry ons as inwoners antwoorde?

Is hulle alreeds met vakansie nadat hulle bonusse uitbetaal is vir die wonderlike werk van die afgelope jaar? Slaggate het dramaties vermeerder asook waterlekkasies, verkeersreëls geld nie in die dorp nie, stoptekens en sperstrepe word verontagsaam. Dit laat my wonder of munisipale bestuurders se salarisse en bonusse bepaal word volgens hul werksprestasies ten opsigte van die toestande in die dorpe? As hulle salarisse daarvolgens bereken word dan wonder ek hoe oorleef die arme mense.

Ek kan verstaan hoekom daar daagliks sovele optogte en protesaksies in ons land is, dis doodeenvoudig omdat mense in beheer nie hulle werk doen nie. As die regerende party nie eers sy huis in orde kan hou nie, hoe kan hulle dissipline toepas by die provinsiale rade?

HERALD Sport

# ROLBAL: "KOEBAAI" 2021

As ons terugkyk op die jaar wat nou op sy einde is, kan ons sekerlik baie negatiewe situasies en omstandighede herroep, maar aangesien ons onsself steeds in hierdie negatiewe omstandighede bevind, is dit beter om eerder op die positiewe dinge van die afgelope jaar te fokus.

Vanuit 'n rolbal oogpunt het ons 'n goeie jaar beleef met nuwe lede wat aangesluit het, mense wat 'n positiewe bydrae maak tot die klub en rolbal as sportsoort.

Valsrivier-kompetisie is goed ondersteun en alhoewel sommige uitslae dalk nie so goed soos verwag was nie, was die deelname steeds noemenswaardig.

Die afgelope naweek sou Hannalie Claassen en Ronel Du Plooy aan NVS se uitspeelwedstryd op Bethlehem deelgeneem het, maar as gevolg van goeie reën is die kompetisie verskuif na Januarie 2022.

Die Besigheidsliga wat aangebied is het weereens op 'n hoë noot geëindig met die manne van die Gholfklub wat as wenners gekroon is, maar almal wat deelgeneem het was wenners in eie reg.

Die sukses van die Besigheidsliga kon slegs bereik word met die ondersteuning van die deelnemers asook die ondersteuning en donasies van die borge.

Die rolbalbestuur wil dan ook die volgende borge en donateurs hartlik bedank vir hul ondersteuning en bydraes: Jacques en Marisa van Rooyen, Gholfklub, Buffalo Valley Spur, Hartklop, Platteland Apteek, Nappy World, Johnny Claassen Bemarking, Telwiedre Voere, Smit en Smit Finansiële Dienste, Meloney Pretorius, Ronel en Ian du Plooy, Ematla, JC en Dolly Pretorius, Bayer, Philip Holtzhausen, Cheetah Meule.

Baie dankie ook aan al die rolbal klublede en nie-lede vir al hulle hulp met die reëlings en die etes wat voorsien is.

Die bestuur wil almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens.

Baie dankie aan die bestuur en eienaars van die Heilbron Herald vir hul ondersteuning deur die afgelope jaar, asook die geleentheid wat aan die verskillende sportklubs gebied word om elke week 'n berig te kan plaas en sodoende die publiek op hoogte te hou van gebeure by die klubs.

KLUBDAG & DESEMBER MUG
GHOLF
11 DESEMBER 2021
R200 per persoon
Sluit halfpad ete in
Afslaan: 10:30 vir 11:00
Formaat: Medal
Vleispryse op die spel
Kersvader gaan om 19:00 'n draai kom maak

the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
E van den Berg Gehoorpraktyk besoek Platteland Apteek op 14 Desember 2021
Bespreek sessie vir volgende:
1 - Gehoorevaluasie (volwassene) R500
2 - Gehoorsifting (kinders 5+) R250
3 - Gehoorapparaat Verstellings R280
4 - Herstel van Pypies R150 - R300
(afhangend van tipe pypie)
063 721 4950 (T) 087 527 0723
(E) platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

GiG Technologies (Pty) Ltd
Contact us for a free Quotation
Church street 44
Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems



BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 13 DESEMBER 2021
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
DINSDAG - 14 DESEMBER 2021
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
WOENSDAG - 15 DESEMBER 2021
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227
PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138
DONDERDAG - 16 DESEMBER 2021
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
VRYDAG - 17 DESEMBER 2021
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Kersveiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049
BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

